Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2009: Algemene Terugvoer

Die inskrywings wat ons vanjaar ontvang het, was werklik van hoogstaande gehalte. Die verbetering by sommige koerante is merkbaar en die koerante wat ons ontvang het, lyk werklik professioneel. Daar was ook ’n hele paar nuwelinge wat beïndruk het. Dit is wonderlik om te dink dat daar so baie jong skrywers, fotograwe, grafiese kunstenaars, redakteurs, kunstenaars en sakebreine daar is wat betrokke is by koerante.

Mens sou veel langer oor al die pluspunte eerder as die negatiewe aspekte van vanjaar se inskrywings kon uitwei.

Hier volg algemene kommentaar en voorstelle vir hoe julle julle skoolkoerante verder kan verbeter vir volgende jaar se kompetisie of sommer net omdat julle graag julle koerant wil verbeter. Dit sal moontlik ook verdere insig bied oor hoe ons punte toegeken het.

Beste nuusberig:

Onthou altyd om die vyf W’s en die H in jou storie te beantwoord. Wie doen Wat, Waar, Wanneer, Waarom en Hoe. Beantwoord altyd al hierdie vrae (waar moontlik) in jou berig. As jy al hierdie vrae beantwoord, sal jy ook makliker sien wat die hoofnuus in jou storie is (en gewoonlik in die intro moet staan). Wat is die interessantste? Wat sou die meeste mense wou lees? Begin daarmee.

’n Intro is gewoonlik min of meer 30 woorde lank. Kort en kragtig. Ons het heelwat intro’s gesien wat te lank was en wat nie met die hoofnuus begin het nie. Vermy dit liefs om met ’n vraag te begin. Moet ook nie begin met: “Op 5 Oktober...” nie. Wees kreatief. Dit inleiding moet mense in die storie in lok en hulle nuuskierig maak om verder te lees.

Daar was heelwat stories wat geen aanhalings bevat het nie en dus baie punte verloor het. Onthou om waar moontlik altyd aanhalings te gebruik – direk en indirek. Praat met leerders, onnies, die skoolhoof (wie ookal betrokke is by ’n storie of geraak word daardeur).

Waak daarteen om jou eie opinie te gee. ’n Nuusberig moet objektief wees. Jy gee net feite weer. Moenie skryf: “Dit was beslis die beste matriekafskeid ooit nie.” Wie sê so? Elke feit in ’n nuusstorie moet aan iemand toegeskryf word. Skryf dus eerder: Volgens Marinda du Toit was dit die beste matriekafskeid ooit. Of: “Dit was die beste matriekafskeid ooit,” het Marinda du Toit gesê. Moenie net stellings maak nie. Daar moet ‘n “bron” vir elke feit in jou berig wees. Direkte aanhalings verleen geloofwaardigheid aan ’n storie.

Wees ook versigtig vir lomp en lang sinne. Skryf so kort as moontlik. Mense wil nie lank lees nie. As ‘n sin te lank is, verdeel dit eerder in twee aparte sinne. Dieselfde geld vir paragrawe. Bun Booyens sê altyd: ’n mens moet bereid wees om R10 vir elke woord te betaal wat jy skryf. Weeg elke woord op en besluit of dit nodig is vir jou storie. Gee al die feite/opinies/aanhalings – sny uit wat onnodig is.

Die taalversorging in die meeste stories was baie goed. Waak daarteen om uitroeptekens te gebruik. Dit word bitter selde in nuusberigte gebruik (gewoonlik net in ’n direkte aanhaling waar iemand skree). Engelse woorde, terme, kom gewoonlik in italics.

’n Goeie toets, is om vir iemand anders te vra om jou berig te lees en te kyk of hulle nog vrae het.

Stories moet verkieslik in net een taal geskryf word. Dit is waarskynlik moeilik by dubbelmedium-skole, maar skryf dan eerder een berig in Afrikaans en ’n volgende in Engels.

Daar was ’n paar lekker ondersoekende berigte. Doen gerus meer daarvan! Gaan soek nuus. Waaroor wonder julle by die skool? Gaan soek redes vir waarom goed gebeur.

Beste sportberig:

Al die bogenoemde wenke en kommentaar vir nuusberigte geld ook vir sportberigte.

Die inleidings by sportberigte het die meeste probleme veroorsaak. Heelwat sportberigte begin met: “Op Vrydag 3 April 2009 het ons skool teen...”. Wanneer ’n wedstryd of sportwedstryd plaasvind, is nie nuus nie. Die nuus is waarskynlik dat julle (ver) gewen of verloor het, of dat ’n spesifieke speler goed presteer het, of dat iets interessants tydens ’n wedstryd gebeur het of tydens ’n onderhoud gesê is. Begin met die interessantste nuushoek (angle). Wees kreatief.

Wees hier ook kreatief met aanhalings. Baie mense woon gewoonlik ’n sportwedstryd by of speel self daarin. Praat met die meisie wat die wenlopies geslaan het. Wat het die omstanders gedink wat na hul asems gesnak het?

As daar verskriklik baie uitslae in ’n storie is, oorweeg dit dalk om dit in ’n kassie (inligtingsblokkie) langs die storie te sit.

Sportberigte was in die algemeen goed geskryf en taalversorging was baie goed.

Beste kommentaar:

Hierdie afdelings sluit in resensies, hoofartikels en opiniestukke.
Die onderwerpe waaroor geskryf is, was baie oulik en relevant. Skoolkoerante het oor goed geskryf wat hul lesers raak en interesseer. Skrywers het moeite gedoen het om verskillende menings teen mekaar op te weeg, eerder as om net een mening te gee. As jy ’n opiniestuk skryf, moet jou mening sterk na vore kom. Wat het jy gedink van die fliek? Wat is jou opinie oor die nuwe skoolreëls?

Dit gebeur dikwels dat hierdie tipe stories te lank geskryf is. Waak ook daarteen om te preek oor iets.

Daar is heelwat leerders wat ’n baie lekker skryfstyl het. Dit is indrukwekkend dat sommige leerders oor onderwerpe geskryf het of ’n opinie gehuldig het wat dalk nie gewild is in die skool nie of wat kritiek mag ontlok (byvoorbeeld: ’n sportdag was swak georganiseer, MXit het ’n slegte invloed op jongmense of matrieks se maniere gaan agteruit). Dit is nie altyd nodig om kritiek uit te spreek of teen die stroom op te wees nie (en dit moet nooit gedoen word net vir die blote feit om anders te wees nie), maar dit wys jy het ’n opinie van jou eie.

Resensies is veral suksesvol as dit handel oor ’n boek/fliek/CD waarin jongmense sal belangstel.

Beste grafika en spotprent:

Daar was vanjaar heelwat spotprente in die grafika-afdeling. Ons het dus vanjaar die inskrywings in twee kategorieë verdeel.

Die gehalte van die inskrywings was baie goed. Daar was fyn humor en skerp kommentaar in van die grafika/spotprente en die tekeninge was baie goed gedoen.

Die hoofdoel van grafika is om ’n storie visueel toe te lig. (Hier is nie gewoonlik humor betrokke nie en ons het dus die beoordeling van grafika hiervolgens aangepas). Grafika maak ’n koerant visueel aantreklik en help lesers om stories beter te verstaan deur dit visueel uit te beeld. Of dit gee ekstra inligting. Daar is baie stories wat hulleself leen tot grafika, wees op die uitkyk daarvoor. Probeer ook om meer kreatief te wees as om ’n *pie chart* te gebruik. Kyk na die grafika wat in die dagblaaie gebruik word vir voorbeelde en inspirasie.

Kyk ook in ander koerante vir voorbeelde van spotprente. Spotprente bevat gewoonlik humor en/of kommentaar oor ’n nuuswaardige onderwerp. Die spotprente wat ons ontvang het, was baie goed en het ons genoop om ’n aparte kategorie daarvoor te skep.

Beste nuusfoto en sportfoto:

Die standaard van die foto-inskrywings het die afgelope paar jaar geweldig verbeter. Die digitale proses het fotografie makliker en meer toeganklik vir fotograwe by skoolkoerante gemaak. Fotograwe kan nou meer op die fotosamestelling konsentreer en minder bekommerd wees oor die tegniese aspekte van foto neem.

`n Foto moet homself verkoop. Dit moet `n aandagtrekker met die eerste oogopslag wees. Daar moet `n fokuspunt wees. As die beoordelaar eers begin soek wat die fotograaf afgeneem het, is die foto nie `n aandagtrekker (goeie foto) nie. Die nuuswaarde van die foto speel ook `n rol. So kan dit gebeur dat `n aandagtrek-foto dalk meer punte kan kry as `n swak nuusfoto (min impak).

Die “moeilikheidsgraad” van die foto en die inisiatief wat die fotograaf aan die dag lê bepaal ook hoe die beoordelaars na die foto kyk. ‘n Mens kan tog sien as die fotograaf net die mense staangemaak het en nie eens behoorlik na die agtergrond gekyk het nie. Of as al die mense nie met `n opgestelde foto sigbaar is nie. In die sportafdeling is `n aanstormende rugbyspeler moeiliker om af te neem as `n atleet wat in `n vaste baan op die atletiekbaan hardloop. So ook is `n verspringer moeiliker om af te neem as `n hoog- of paalspringer wat op `n sekere vaste punt (dwarslat) moet oorspring. Dit beteken egter nie dat jy nou moet uitspring en net “moeilike” foto’s gaan neem nie. Die impak (trefkrag) van `n foto gee op die ou end die finale deurslag.

Oefen, oefen en oefen. Neem foto’s in verskillende ligomstandighede en kyk hoe kom dit uit. In sonlig, skaduwee, binne `n vertrek. Met flits. Sonder flits. Dink soos `n fotograaf, al het jy nie jou kamera by jou nie. Kyk hoe verander die lig as jy by die skool rondloop. In die klas, op die stoepe, in die saal. Wanneer moet flits gebruik word. `n Eenvoudige wenk: Hou die

ligomstandighede van die voorgrond en die agtergrond dieselfde. As die son op die voorgrond op die mense wat jy afneem, skyn, moet daar op die agtergrond ook sonskyn wees. So ook as die mense op die voorgrond in die skaduwee staan moet daar op die agtergrond ook skaduwee (of donkerte) wees.

Beweeg bietjie weg van die bekende geykte foto-aanslag. Dink kreatief. Gebruik ongewone kamerahoeke. Hoog of laag of baie naby. Gebruik `n stadige sluiterspoed en swenk die kamera saam met `n bewegende onderwerp. Sit jou kamera op `n driepoot en zoem terwyl die sluiter afgaan (stadige sluiterspoed bv. ¼ of 1/8 of 1/16 sek) as jy `n statiese voorwerp afneem.

Hou die agtergrond dop! Wat is daar wat pla. Kyk vir pale of plante wat uit iemand se kop groei. Sak af, klim op `n stoel of beweeg links of regs om die agtergrond te verbeter.
Moenie altyd kyk hoeveel mense jy op die foto kan inpas nie. Beweeg (zoem) soms bietjie nader aan `n mens. `n Nabyfoto (baie naby) soos net die mond, neus en oë het ongelooflik impak. Neem sulke foto's in `n horisontale formaat.
Kyk of daar nie binne jou foto (klaar opgestel) nog `n nabyfoto wegkruip nie.
Saamgestelde foto's kan nie as enkele foto-inskrywing beoordeel word nie. Kies jou beste foto wat in die samestelling of collage gebruik is, maak `n afdruk daarvan en skryf dit in.

Riglyne vir nuusfoto's, is dieselfde by sportfoto's, maar by sportfoto's speel aksie 'n geweldige belangrike rol. Dit is baie moeilik vir `n foto van `n stilstaande, wagtende sportman om teen `n foto van `n hardlopende/bewegende sportman te kompeteer. Die aksiefoto gaan loshande wen. Dit moet `n baie uitsonderlike foto (sonder aksie) wees wat die nodige impak gaan hê om `n goeie aksiefoto in `n kompetisie te klop.

Gebruik stadige sluiterspoed. (Sien bo). Kyk na die sportfoto's in tydskrifte, op die internet en in koerante.

Skryf 'n goeie onderskrif vir jou foto. Wees kreatief.

Onthou asseblief om foto's in digitale formaat in te skryf.

Beste skoolkoerant/tydskrif:

Sjoe julle koerante is baie indrukwekkend! Baie geluk met die puik werk wat julle doen.

Wanneer dit by die merk van die koerante in die afdeling vir beste skoolkoerante kom, is daar 'n paar goed wat julle moet onthou.
Eerstens, dit maak nie saak hoe groot jou koerant is en of dit in kleur of swart of wit gedruk word nie. Daar word nie punte hiervoor toegeken nie.

Onthou ook om 'n sakeplan in te dien met 'n redaksiesamestelling, staat van inkomstes en uitgawes, 'n aanduiding van julle proses en beplanning en ook 'n aanduideing van hoeveel uitgawes julle per jaar uitgee. Dit is klaar 10 punte pasella.
Nog 'n afdeling waar julle volpunte kan kry, is as julle koerant al die elemente van 'n koerant bevat (sien die merkstaat). Dit is 30 gratis punte!

Dan bly inhoud en algemene voorkoms oor.

Handhaaf deurgaans dieselfde styl in die koerant. Moenie te veel verskillende lettertipes ens. gebruik nie (nie meer as twee of drie nie). Gee aandag aan onderskrifte. Onderskrifte moet volledig wees (name van mense op die foto, wat gebeur op die foto, wie het die foto geneem).

Oppas om uitleg te oordoen. Hou dit eenvoudig. Kyk hoe lyk koerante in jou omgewing. Onthou jou koerant moet lesersvriendelik wees. Selfs 'n koerant wat op skoolkinders gemik is, moet maklik leesbaar wees. Die doel van uitleg is eerstens om dit maklik te maak om die koerant te lees.

Elke bladsy moet ’n hooffoto en hoofberig hê. Dit moet duidelik uitstaan as die belangrikste berig/foto op die blad en is gewoonlik bo aan die blad.

Berigte moet logies ingedeel word, nie byvoorbeeld sport en kultuur op dieselfde bladsy nie. Die mashoof moet inligting bevat soos watter skool dit is, waar die skool is, die datum bv Julie 2009.

Wat inhoud betref, soek ons na ‘n mengsel van stories wat inlig, opvoed en vermaak.
Moenie ondersoekende beriggewing afskeep nie. Is daar enigiets waaroor julle wonder in die skool, wat gaan aan in julle gemeenskap? Praat met mense, stel ondersoek in. ‘n Goeie joernalis en ‘n goeie koerant snuffel goeie stories uit.
Skryf ook oor aktuele kwessies wat leerders/onderwysers/die skool/gemeenskap raak (bv. Politiek, tegnologie ens.). Sommige van julle doen dit baie goed.
Moenie berigte te lank maak nie. Mense raak gou verveeld.

Opskrifte/koppe moenie in hoofletters wees nie en bevat gewoonlik ‘n werkwoord.

Let op advertensieplasing – sien hier ook koerante in jul omgewing.

Moet ook nie grafika en spotprente afskeep nie. Dit help om stories te illustreer.

Bogenoemde is net algemene riglyne. Die meeste koerante het baie beïndruk! Baie geluk!

Dit is duidelik dat julle ter harte neem wat in die NSP-kursusse geleer word. Indien julle nog nie ‘n kursus bygewoon het nie, kontak gerus jou plaaslike NSP-koördineerder. Ons kan ook vir julle ‘n gevorder kurus aanbied of help om julle koerant verder te verbeter indien julle reeds ‘n kursus bygewoon het.

Vir enige verdere navrae, kontak gerus vir:

Volksblad:
Sobeth Jordaan
sjordaan@volksblad.com
Tel: 051 404 7722
Faks: 051 430 6949

Die Burger:
Rikus van Rooy
rikus.vanrooy@dieburger.com
Tel: 021 406 3431
Faks: 086 734 4270

Beeld:
Elize Engelbrecht
eengelb1@beeld.com
Tel: 011 713 9165
Faks: 011 388 1268

Algemeen:
Sarietha Engelbrecht
Sarietha.engelbrecht@media24.com
Tel: 021 406 3906
Faks: 086 509 6959